# HOOFSTUK VII.

## DIE NICOLVERSLAG (1939) TEN OPSIGTE VAN BEHEER IN DIE ONDERWYS.

### 1. Inleiding.

Die Nicolkommissie is in teenstelling met die Rooskommissie wat in die vorige hoofstuk ter sprake was 'n provinsiale kommissie. Die Nicolkommissie ondersoek die Transvaalse onderwysstelsel, die bevindings van die kommissie is daarom van besondere belang vir hierdie ondersoek. In hierdie hoofstuk kom die volgende vraagstukke dan onder bespreking:

(a) Algemene beginsels en grondslae waarvolgens die Nicolkommissie gewerk het.
(b) Die Sentrale (provinsiale) administrasie in Transvaal.
(c) Provinsiale teenoor Uniale beheer in die onderwys.
(d) Plasing en opleiding van onderwysers.
(e) Beheer van die besondere en beroepsonderwys tot 1940.
(f) Plaaslike beheer tot 1940.
(g) C.N.O.-aksie in hierdie tyd.

### 2. Algemene beginsels en grondslae waarvolgens die Nicolkommissie gewerk het.

Die Provinsiale Onderwyskommissie is benoem ingevolge Administrateurskennisgewing No 124 van 3 Maart 1937. Ds.W. Nicol is aangewys as voorsitter en hierdie kommissie is ook soos vorige kommissies gekoppel aan die naam van die voorsitter, nl. die Nicolkommissie. Op 29 Januarie 1939 is die verslag in die Provinsiale Raad ter tafel gelê.[1)]

> ,,Die Nicolkommissie is benoem deur die Administrateur en die Uitvoerende Komitee om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van die Provinsie Transvaal ten einde aanbevelings te doen wat daartoe mag strek om die doelmatigheid van die stelsel te vermeerder, dit te laat aanpas by die modernste ontwikkelings op onderwysgebied en dit in staat te stel om op bevredigende wyse

---

1. T.O.D.- Verslag, 1939, (T.P. No.4-1940), 7.

te voldoen aan die vereistes van alle klasse van die bevolking," 1)

In die loop van die ondersoek van die Nicolkommissie het sekere algemene beginsels (Hoofstuk 11) voor die dag gekom. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit gewens dat sekere beskouings i.v.m. die algemene beginsels hier bespreek word omdat dit die grondslag lê vir die beheer in die onderwys.

(a) <u>Die plig van die Staat.</u>

Dit is gepas dat die staat hom met die onderwys bemoei. Die staat kan egter nie aanspraak maak op 'n alleenreg, in die demokratiese stelsel, in die onderwys van die kinders van die nasie nie; op sy meeste kan dit onderwysgeriewe verskaf en die onderwyspeil en/of die ouderdom van die skoolverlatende kind bepaal.[2]

In die praktyk was die stelsel in Transvaal 'n hoogs gesentraliseerde en het die Departement feitlik alleenreg oor die onderwys van die kinders. Die skoolrade en skoolkommissies wat plaaslike belange moet behartig, het slegs adviserende magte ten opsigte van die beheer oor die onderwys van die kind.

(b) <u>Die plig en voorreg van die ouers.</u>

Die onderwys van die kind is die verantwoordelikheid van die ouer en sy medewerking moet verkry word. Die neiging by sommige ouers om die verantwoordelikheid van die onderwys van die kind te loën, moet ontmoedig word. 3)

Die C.N.O-leiers het steeds die beginsel gehandhaaf dat die medewerking van die ouer alleen verkry kan word deur aan hom direkte seggenskap in die skool te gee deur die bepaling van die gees en rigting van die skool, die aanstelling van onderwysers wat die gees en rigting sal uitleef en mede-verantwoordelikheid om finansieel, hoe gering ook al, tot die opvoeding van sy kind by te dra. Die funksie van die

---

1). Provinsiale Onderwyskommissie (Transvaal), (T.P. No.5- 1939), par. 52.

2). Id., par. 18.

3). Id., par. 20.

ouer in die Transvaalse Onderwysstelsel is die van 'n toeskouer met indirekte adviserende mag ten opsigte van die aanstelling van onderwysers, en dit kan nie ouersamewerking en belangstelling wek nie.

(c) Die skool en die gemeenskap.

Die skool kan nie alleen staan nie en moet kennis neem van die maatskaplike toestande waaronder die kind groot geword het sowel as van sy toekomstige plek in die maatskappy. Die skool moet daarna strewe om die kultuursentrum van die gemeenskap te wees. [1]

Die gesentraliseerde stelsel van beheer in Transvaal het juis die teenoorgestelde meegebring. Die skole het los gestaan van die maatskappy en die plaaslike gemeenskap, alleen 'n mate van seggenskap deur die gemeenskap kan daardie band bewerkstellig.

(d) Christelike onderwys.

Die persone wat getuienis afgelê het, het feitlik eenparig geëis dat die skole Christelike skole moet wees en bly.[2]

Die Nicolkommissie het hierdie standpunt aanvaar maar daar het dit ook gebly.

Die C.N.O.-standpunt en in besonder die gereformeerde standpunt is dat skole nie Christelik kan wees deur slegs die skool te open met skriflesing en gebed en die sing van gewyde liedere en die gee van godsdiensonderwys nie. Die hele skoolwese en in besonder al die vakke moet deurdrenk wees van 'n Christelike gees.

## 3. Die Sentrale (provinsiale) administrasie in Transvaal.

Die Nicolkommissie het baie breedvoerig ingegaan op die sentrale beheer in Transvaal en ook aanbevelings gemaak.

(a) Die Administrateur en Uitvoerende Komitee.

In die praktyk bepaal en kontroleer die Uitvoerende Komitee die onderwysbeleid van die provinsie. Die Provinsiale Raad kan deur beraadslaging

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.5-1939),par.20.
2. Id., par. 23.

oor die aanvaarde en voorgestelde beleid en deur geld toe te staan en te weerhou uitvoering gee aan die demokratiese regering.[1]

In die getuienis voor die Nicolkommissie is beweer dat die Uitvoerende Komitee 'n te uitvoerige beheer uitoefen in die onderwysstelsel.[2] Die onderwysbeleid behoort onder gewone omstandighede van die Direkteur uit te gaan en onderhewig te wees aan die goedkeuring en die prinsipiële beheer van die Uitvoerende Komitee as verteenwoordiger van die Provinsiale Raad.[3] Waar die Uitvoerende Komitee beslis het oor die onderwysbeleid en behoorlike voorsiening vir dienste in die provinsiale begroting gemaak is, behoort dit sover moontlik aan die Direkteur oorgelaat te word om hierdie beleid uit te voer. Soms was daar vertraging en onsekerheid omdat dit nie duidelik is wie die inisiatief moet neem in verband met een of ander saak nie, en daarom beveel die Kommissie aan dat die pligte wat die Uitvoerende Komitee verwag dat die Direkteur moet uitvoer ingevolge die Onderwyswet, duidelik omskryf moet word soos bepaal in subartikel (a) van artikel 90.[4]

Die noodsaaklikheid van die uiteindelike beheer in elke geval deur die Uitvoerende Komitee namens die Provinsiale Raad moet erken word soos dit bepaal is in die „Zuid-Afrika Wet," selfs al word daardie bevoegdhede alleen in buitengewone gevalle uitgeoefen, en gewoonlik slegs oor die algemeen.[5]

(b) Die Provinsiale Sekretaris.

Die Provinsiale Sekretaris, as rekenpligtige amptenaar vir die provinsie, dra die volle verantwoordelikheid vir die uitgawe, maar dit beteken nie dat hy

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie-Verslag( T.P.No 5 - 1939), par. 31.
2. Id., par. 32.
3. Id., par. 33.
4. Id., par. 37.
5. Id., par. 38.

enige seggenskap besit betreffende die opvoedkundige waarde van die aanbevelings wat die Direkteur doen nie. Sy plig is om voorsiening te maak dat daar voorsiening vir die diens in die begroting is, dat die Uitvoerende Komitee die gelde beskikbaar stel.[1]

Die Kommissie voel dat dit moontlik behoort te wees om deur onderlinge ooreenkoms te bepaal watter begrotingsposte die Direkteur sonder beperking kan beheer. Daar word aanbeveel dat die Provinsiale Sekretaris en die Direkteur beveel moet word om oorleg te pleeg en aan die Uitvoerende Komitee verslag te doen oor watter poste onder die onmiddelike beheer van die Direkteur moet staan, dat hierdie reëling onderworpe moet wees aan goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee, en nadat die Komitee dit goedgekeur het, dit deur die Provinsiale Sekretaris en deur die Direkteur aangeneem moet word. As hierdie ooreenkoms nie met sukses werk nie, word aanbeveel dat die Administrateur die medewerking van die ander provinsies in die Raadplegende Komitee sal verkry en die nodige stappe moet doen sodat die Direkteur as rekenpligtige amptenaar vir alle onderwysbegrotingsposte aangestel kan word.[2]

(c) Die Direkteur van Onderwys.

Die Kommissie is oortuig dat alle moontlike vryheid aan die Direkteur van Onderwys gegee moet word by die beheer oor die onderwysstelsel, soos ook blyk uit die bepalings van die Onderwyswet van 1907. „Dit is nietemin 'n merkwaardige feit dat sedert die aanname van die Onderwyswet nie een Direkteur van Onderwys in sy betrekking aangebly het totdat hy die gewone aftredings-ouderdom bereik het nie," Die Kommissie voel derhalwe dat daar so min moontlik ingemeng moet wees met sy beslissing behalwe, natuurlik, in gevalle van formele beroep op hoërgeplaaste beamptes teen sy beslissing.

Daar word derhalwe aanbeveel dat sy beslissing finaal moet wees in sake wat bloot oorwegend van

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No.5-1939), par. 39.
2. Id., par 44 en 45.

'n professionele aard is, bv.:

(i) Leerplanne.
(ii) Eksamens en inspeksie(met inbegrip van mediese inspeksie).
(iii) Skoolkalender.
(iv) Skoolure.
(v) Pligte van inspekteurs en onderwysers. [1]

4. Provinsiale teenoor Uniale beheer in die onderwys.

Die Nicolkommissie merk op dat van al die getuies wat voor die Kommissie verskyn het, nie een die huidige stelsel van provinsiale beheer oor die laer en middelbare onderwys aangeval het nie. Dit is dus gebillik om af te lei dat die Transvaalse bevolking ten gunste is van die voortsetting van die huidige reëling en dat daar dus min steun sal wees vir die oordrag van die laer en middelbare onderwys aan die Unie-regering. [2]

Twee voorstelle is gedoen om nadere oorweging te vereis:

(i) Daar is voorgestel dat stappe gedoen word om die stigting van 'n Unie-onderwysraad tot stand te bring. Dit word gevoel dat die Interprovinsiale Raadplegende Komitee nie heeltemal hieraan voldoen het nie daar dit deur geldelike en administratiewe probleme oorheers word; die bestaande Onderwyskomitee van die Raadplegende Komitee word beskou as te beperk wat sy personeel betref, terwyl die bedoelde Unie-onderwysraad die onderwys sal behandel in die eerste plek vanuit die professionele en tegniese oogpunt. Dit word gevoel dat die ondervinding van elke provinsie tot beskikking van die ander provinsies geplaas moet word. Dit kan bewerkstellig word as die vier provinsiale onderwysdepartemente saamwerk en 'n Unie-onderwysraad stig. In so 'n Raad behoort die Unie-regering, die vier provinsiale administrasies en die onderwysberoep verteenwoordiging te geniet.

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par. 48.
2. Id., par. 49.

Die funksies van so 'n Raad moet bloot raadgewend en nie wetgewend of administratief wees nie. Die ervaring van die vier provinsies kan uitgewissel word en met toekomstige ontwikkelings kan sorg gedra word dat verskille tussen die provinsies nie so groot is nie.[1]

(ii) Die Kommissie is van mening dat 'n eenvoudige leerplan dwarsdeur die vier provinsies, die natuurlike ontwikkeling van die provinsies sal belemmer. Dit sal bowendien in stryd wees met voorstelle wat later in die verslag gedoen word dat skole soveel vryheid van ontwikkeling as moontlik moet hê.[2]

5. Plasing en opleiding van onderwysers.

(a) Opleiding van onderwysers.

Die Nicolkommissie het die toestand kortliks saamgevat. Die Transvaalse Onderwysersdiploma is in 1935 ingestel en vereis een jaar studie aan 'n Universiteit en twee jaar aan 'n Normaalkollege. In gewysigde vorme, wat aangepas is by die behoeftes en geriewe van die vier kolleges, is dit nog steeds in werking.

'n Groep studente word opgelei vir middelbare skole aan die Universiteit Pretoria en die Universiteitskollege Potchefstroom. Hierdie studente volg 'n vierjarige kursus waarvan die vierde jaar uitsluitlik professioneel is. Hulle kry 'n Baccalaurusgraad en die hoër onderwysdiploma en doen aansoek om poste onder die Departement op gelyke voet met die studente wat gekwalifiseer het aan die Provinsiale Opleidingsinrigtings.[3]

Op Pretoria en Potchefstroom dupliseer die Universiteite en Normaalkolleges, wat beide 'n vier jarige kursus bied, hulle werk, met die verskil dat die professionele jaar aan die universiteit of normaalkollege onderskeidelik voltooi word.

Die wysiging in 1935 van die „Zuid-Afrika Wet" bepaal dat universiteite onderwysers moet oplei vir

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par. 50.
2. Id., par. 51.
3. Id., par. 151.

middelbare skooldoeleindes, terwyl die provinsies deur bemiddeling van hul normaalkolleges opleiding moet verskaf vir laerskoolwerk. Die Nicolkommissie bevind dan ook dat dit onmoontlik is om hierdie onderskeid te handhaaf. Baie van diegene wat aan die Universiteite opgelei is, was gretig gewees om laerskool-poste te aanvaar, veral prinsipaalskappe, terwyl 'n groot aantal studente van die normaalkolleges na die middelbare skole gaan. 1)

Geen duidelike grenslyn kan getrek word tussen die twee nie, aangesien onderwysers geredelik van die middelbare na die laerskool oorgaan of omgekeerd. Die Kommissie gee voorkeur aan die stelsel wat in swang is aan die Universiteit van die Witwatersrand en die Johannesburgse Opleidingskollege, waar al die studente saamwerk en korter of langer kursusse volg, al na hulle individueel verkies. Die persone wat verwag om onderwys te gee aan laer skole, beskik oor die geleentheid om te kan leer hoe om met jong kinders te werk te gaan, terwyl diegene wat streef na poste aan middelbare skole, vry is om meer aandag te bestee aan hulle hoofvakke.

Aanvanklik was die normaalkolleges onder regstreekse beheer van die Departement. In 1937 is Streekkomitees benoem om die werk van die verskillende na-matrikulasie-inrigtings in sekere gebiede te koördineer. Later by Administrateurskennisgewing No.405 van 1938, is hierdie streekkomitee opnuut saamgestel en bepaalde magte verleen, soortgelyk aan die magte wat uitgeoefen word deur die adviserende komitees van skoolplase. Die belangrike verandering is dat die aanstelling van die personeel in die vervolg op aanbeveling van hierdie liggame sal plaasvind. Die Kommissie beveel egter aan dat normaalkolleges onder die beheer van die Direkteur moet staan wat gelei word deur die advies van die Streekkomitee. 2)

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. No5-1939), par. 162.
2. Id., par. 327.

(b) Aanstelling van onderwysers.

Daar is heelwat besware voor die kommissie geopper oor die huidige prosedure van aanstelling, soos vroeër uiteengesit in Hoofstuk II, daar dit heelwat ongerymdhede meebring.[1] Die vernaamstes is:

(i) Die Skoolkommissies is dikwels ontevrede omdat hulle geminag voel as hulle aanbeveling nie aangeneem word nie, daar hulle sonder die bystand van persone wat gewoond is aan die vertolking van kwalifikasies, rapporte en getuigskrifte, iemand aanbeveel wat somtyds nie aangeneem kan word nie. Die onderwyser wat uiteindelik in die pos aangestel word waar hy nie begeer word nie, moet dikwels ly onder die gevolge.

(ii) Die skoolrade kom op hulle beurt in stryd met die kommissies en met die Departement. Baie rade het daarop aangedring dat hulle benoemdes outomaties deur die Departement aangestel moet word.

(iii) Die onderwysers is ontevrede omdat bevordering afhanklik is van wie jy ken en nie wat jy ken nie.

(iv) Volgens die getuienis is die Kommissie oortuig dat die werwing vir aanstellings algemeen is.

(v) Die huidige stelsel gee aanleiding tot die oprigting van feitlik geslote gebiede waarin aanstellings net gegee word aan kandidate wat alreeds bekend is in die omgewing terwyl minder bekende kandidate oor die hoof gesien word.

Die Kommissie voel dat daar sekere geldende beginsels is wat in ag geneem moet word by aanstellings.[2]

(i) Die Kommissie aanvaar die beginsel dat die aanstelling ooreenkomstig die begeerte van die onderwyser moet wees en nie soos in die staatsdiens waar amptenare verplaas kan word sonder oorleg met rade en kommissies nie.

(ii) Die Departement as verteenwoordiger van die geldelike belange van die onderwysstelsel en ook as verteenwoordiger van die onderwysprofessie behoort 'n belangrike rol te speel by die aanstellings.

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par.171.
2. Id., par.172.

(iii) Die ouers moet deel hê in die aanstelling daar hulle 'n intieme kennis van die omgewing het wat hulle in staat stel om te oordeel of die kandidaat vir daardie omgewing geskik sal wees wat betref sake soos godsdiens en maatskaplike gewoontes.

Die Kommissie is van mening dat 'n onderwyser se poging om 'n aanstelling te kry beperk moet wees tot die rig van 'n aansoek aan die Direkteur van Onderwys. Die regulasie teen werwing vir aanstelling moet streng toegepas word.

Die Kommissie gaan van die standpunt uit dat dit die werk van die Departement is om in die eerste plek ouers raad te gee ten einde te verhoed dat hulle 'n fout begaan, en in die tweede plek om die belange van die onderwysers te beskerm, sodat diegene bevordering kry wat dit die meeste verdien. Ten einde hierdie doelwit te bereik, behoort 'n keurkomitee benoem te word. Die Keurkomitee wat sal bestaan uit 'n klein liggaam goedingeligte, onpartydige persone, kan dan vyf gekose name aan die skoolkommissie voorlê. [1] Die uiteindelike aanstelling nadat die rade en ouers hul funksie vervul het, moet in elk geval by die Direkteur berus. Die metode van aanbeveling is ongeveer dieselfde as tans behalwe dat 'n Onderwysraad die Skoolraad vervang. As die Onderwysraad die aanbeveling van die Ouerraad aanneem en die kandidaat benoem wat die Ouerraad aangewys het, moet die Direkteur daardie kandidaat aanstel.[2] Waar die Ouerraad en die onderwysraad nie ooreenkom nie moet die Onderwysraad sy eie aanbeveling te same met die van die Ouerraad aan die Direkteur voorlê, en hy moet een van die twee kandidate aanstel.

Daar is twee interessante minderheidsverslae ingedien deur die Nicolkommissie.

Mnre. Cosser en Stephen is daarvan vas oortuig dat skoolrade, skoolkommissies of enige ander bestaande liggaam, onthef moet word van alle bevoegdhede of funksies wat ook al, in verband met die aanstelling

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par. 174 en 175.
2. Id., par. 177.

en bevordering van onderwysers.

As onderwysers in die onderwysdiens as 'n geheel aangestel word, met mag tot oorplasing deur die Direkteur van Onderwys sal hul ywer en belangstelling in hulle werk gewek word en hul doeltreffenheid sal vermeerder terwyl die wete dat bevordering vanself op goeie werk volg, 'n sterk prikkel vir werwing sal wees.[1]

In die tweede minderheidsverslag opgestel deur mnr.Duthie word die voortbestaan van die huidige stelsel bepleit. Die Keurkomitee, voorgestaan in die meerderheidsverslag, sal bloot 'n middel wees om 'n geweldige burokratiese masjien te skep wat geen versekering gee dat die resultate enigsins 'n verbetering van die huidige stelsel sal wees nie. Mnr. Duthie beveel dan aan dat die huidige stelsel wat die toets van bykans 'n derde eeu weerstaan het sonder noodsaaklikheid vir verbetering, moet voortgaan, onderworpe aan die groter bevoegdhede en gewysigde samestelling van rade en kommissies wat elders aanbeveel word.[2]

6. Beheer van die besondere en beroepsonderwys tot 1940.

Die Nicolkommissie het ook aandag geskenk aan beroepskole.

Teen die einde van 1925 is vakskole, handelskole en huishoudskole aan die Unie-regering oorhandig. Ander is daarna deur die Unie-departement van Onderwys opgerig. Die skole aan of naby die Witwatersrand word deur die Witwatersrandse Tegniese Kollege beheer; die in Pretoria deur die Pretoriase Tegniese Kollege en die ander regstreeks deur die Unie-departement van Onderwys. Hulle is nywerheidskole by Middelburg, Potchefstroom en Wolmaranstad en 'n handels- en huishoudskool by Christiana. Tot April 1938 was die Landbouskool by Brits en Lagersdrift ook onder die beheer van die Unie-departement van Onderwys, maar hulle is toe aan die provinsie oorhandig. Aan al hierdie skole word skoolgeld betaal.[3]

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939),246.
2. Id., 248 - 249.
3. Id., par. 363.

Die Nicolkommissie het baie getuienis ontvang wat gehandel het oor die kwessie van beheer. Die vernaamste argumente ten gunste van beheer deur die provinsies was as volg. [1]

(a) Geskiedkundig het hierdie skole onder die provinsie geressorteer, soos tewens ook deur die Unie-wet bepaal dat alle onderwys ,,uitgezonderd hoger onderwys," aldus beheer word.
Die oorhandiging van hierdie skole aan die beheer van die Uniedepartement van Onderwys in 1925 was bloot om finansiële redes, en het geen opvoedkundige of administratiewe regverdiging gehad nie.

(b) 'n Groot gedeelte van die kursus slaan ooreen met die werk wat deur die provinsie in sy skole gedoen word. Die kursus wat verskaf word, bestaan uit 'n besondere vorm van die middelbare onderwys, en moet op dieselfde grondslag as die provinsiale gevorderde of hoër skole behandel word.

(c) Nouer koördinasie word tussen hierdie skole en die provinsiale middelbare skole vereis en dit kan alleen geskied deur een enkele gesag wat die beheer moet uitoefen.

(d) Daar is 'n in die ooglopende anomalie van gelde wat gevorder word by skole wat onder die beheer is van die Unie, maar nie by provinsiale skole nie.

(e) Die getuies wat iedere vertakking van die onderwys in die Unie verteenwoordig het, was dit feitlik eens in hul aanbeveling dat die provinsie moet probeer om die beheer van hierdie skole terug te kry.

(f) Onder die nuwe stelsel wat aanbeveel word en waarvolgens die laerskool by st. V ophou, sal 'n hoogs onwenslike toestand ontstaan vir alle leerlinge wat dan op die middelouderdom van 13.6 jaar na die beroepskole sal moet gaan. Dit sou beteken dat die leerling eers na die middelbare skool gaan vir een jaar (st.VI) en daarna na die beroepskool.

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par. 364.

(g) Die beroepskole trek ŉ toenemende aantal kinders weg van die provinsiale stelsel. Die belofte of minstens die hoop van spoedige werk lok die kinders weg van die skole op ŉ te vroeë ouderdom en dit is skadelik vir die jeug van die provinsie.

Die enigste argument ten gunste van beheer oor beroepskole deur die Unie-departement van Onderwys is die finansiële argument.[1]

Die Kommissie beveel aan dat die provinsie stappe moet doen om die beheer oor die beroepsdagskole terug te kry.

7. Plaaslike beheer tot 1940.

(a) Onderwysrade (skoolrade).

„ Die onderwysstelsel wat gedurende die laaste half-eeu in die provinsie Transvaal ontwikkel het, het noodwendigerwys gelei tot ŉ samestelling van sentrale administrasie en plaaslike beheer. Die private en later die gesubsidieerde skole, het die diepgewortelde oortuiging geskep dat die skool aan die gemeenskap behoort wat regstreeks daarby belang het, terwyl die gesentraliseerde finansiële verantwoordelikheid dit gebiedend noodsaaklik maak dat die administrasie sentraal beheer moet word. Hierdie grondbegrippe het die Nicolkommissie aanvaar."[2]

Die Kommissie praat van sentrale administrasie en plaaslike beheer. In werklikheid is dit ŉ stelsel van sentrale administrasie en beheer terwyl plaaslike beheer slegs adviserend was sover dit die wese van die onderwys aangaan.

In die loop van die jare het dit geblyk dat die skoolraadstelsel, wat een van die grondslae van die Wet van 1907 is, ŉ onmisbare skakel is tussen die sentrale administrasie en die gemeenskap. Ten einde hierdie stelsel beter te laat funksioneer, word sekere ingrypende wysigings aanbeveel. Dit tref hoofsaaklik die regsgebiede, die samestelling en verkiesing van die skoolrade.[3]

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par. 365.
2. Id., par. 81.
3. T.O.D.-Verslag 1939(T.P.No 4-1940),13.

Daar bestaan in 1939 32 skoolrade wat onderling baie in geografiese uitgestrektheid en grootte van skoolbevolking verskil. 'n Nuwe indeling van regsgebiede met die oog op vermindering van die aantal rade, sal ongetwyfeld, sowel van 'n opvoedkundige as van 'n administratiewe standpunt, hierdie vorm van plaaslike beheer ten goede kom, volgens die Kommissie en die Direkteur van Onderwys.[1]

„Die grootste grief teen die huidige stelsel van verdeelde plaaslike beheer is die konkurrensie wat aangemoedig word deur die regstreekse verbinding wat elke owerheid met die Hoofkantoor en die Provinsiale Administrasie het. Dit alleen is genoegsame rede vir die Kommissie om 'n ingrypende verandering in die huidige stelsel aan te beveel."[2]

Die veranderings dek twee rigtings:
die intiemer beheer oor die skool moet sover moontlik aan die ouers van die kinders by daardie skool oorhandig word; op hierdie manier sal die bevoegdhede van die skoolkommissies en beherende liggame uitgebrei en gekonsolideer word. Die gesag oor die plaaslike skool sal bekend wees as die Ouerraad.
Daar word vervolgens voorgestel deur die Kommissie dat die koördinerende plaaslike owerheid, wat bekend sal wees as die Onderwysraad, 'n baie groter gebied moet dek, en dat dit alle provinsiale onderwysinrigtings ook middelbare moet beheer wat binne die betrokke streek ingestel is.[3] Wat betref die bevoegdhede van die onderwysrade laat die kommissie hom lei deur die bevoegdhede van die skoolrade en beherende liggame in die verlede. Die voorgestelde Onderwysraad wat die plek moet inneem van die skoolraad bring dus wesenlik geen verandering ten opsigte van groter plaaslike beheer nie.

Die kommissie beveel dan aan dat die Onderwysraad jaarliks 'n onderwyskonferensie vir hulle distrik moet belê.

---

1. T.O.D.-Verslag. 1939 (T.P.No 4-1940), 13. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No.5-1939), par. 82.
2. Ibid.
3. Ibid.

Op hierdie konferensie sal een lid van elke skoolkommissie-laer en middelbare- sowel as lede van die raad sitting hê. Elke skoolkommissie sal dan op hierdie konferensie 'n kort verslag ter bespreking voorlê oor sy werk gedurende die afgelope jaar, tesame met 'n finansiële staat oor die skoolfondse. Vakkundiges kan miskien 'n voorlesing hou en besluite kan geneem word vir voorlegging aan die Raad. Die onderwyskonferensie wat die skoolraad vir afgevaardigdes van die kommissies belê, sal koördinasie van die werksaamhede van die verskillende kommissies meebring, maar geen intiemer beheer oor die werksaamhede van die skool deur die ouers nie.

Die Kommissies maak dan verder aanbevelings oor die pligte en bevoegdhede van sulke Rade wat ooreenkom met die huidige skoolrade, behalwe dat die Onderwysraad meer magte kry en beter kan funksioneer. Daar word aanbeveel dat die Rade uit nege, dertien en sewentien lede moet bestaan na gelang die grootte van die gebied en die aantal skole daarin.[1)]

Getuienis is voorgelê ten gunste van die oprigting van plaaslike skoolrade vir skole met die twee voertale in dieselfde gebied waar die getalle dit regverdig. Die Kommissie het hierdie getuienis sorgvuldig oorweeg en het met 'n meerderheid besluit om die voorstel te verwerp. Dit het die skoolraad van Rand-Sentraal veral gegeld waar die samewerking tussen die twee bevolkingsgroepe nie gevlot het nie.[2)]

Vir die verkiesing van die voorgenome onderwysrade sou die bestaande verkiesing van skoolrade ook heelwat verandering ondergaan.

'n Voorstel dat die skoolrade verkies moet word deur die skoolkommissies het nie ingang gevind nie omdat die Kommissie van mening was dat alle kiesers die reg moet hê om te stem.

Daar is wel aanbeveel dat 'n eenvoudige prosedure deur die Departement van Onderwys neergelê word waarvolgens die twee groepe van Ouerrade(laer skole en middelbare skole elk een verteenwoordiger op die Onderwysraad kies.[3)]Die Nicolkommissie wil dus deur

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939)28-29.
2. Id., par. I02.
3. Id., par. 94 en I04.

die voorgestelde Ouerrade beperkte verteenwoordiging te gee op die Onderwysraad, aan die ouer 'n mate van direkte seggenskap en beheer gee. Dit sou die kloof wat daar tussen skoolkommissie en skoolraad bestaan, vernou.

Ten opsigte van die personeel van die Onderwysrade beveel die Nicolkommissie aan dat die Sekretaris en ander lede van die personeel van die Onderwysraad lede van die Staatsdiens moet wees om sodoende beter vooruitsigte vir hulle te skep.[1)]

(b) Ouerrade (skoolkommissies).

Die ouerraad sal die intiemer beheer vir elke skool skep en daar word aanbeveel dat die bevoegdhede van hierdie rade uitgebrei word vir sover dit bestaanbaar is met doeltreffende koördinasie deur die hoërstaande Onderwysraad.[2)]

Die lede sal deur die plaaslike ouers gekies word en hierdie gekose lede sal die reg hê om hoogstens twee ander persone as volle lede te koöpteer wat oor spesiale kennis beskik of wat van besondere hulp vir die skool kan wees. Die prinsipaal word uitgenooi maar is nie lid van die Raad nie.[3)] Die huidige regulasies wat verkiesings betref kan ook van toepassing wees op die ouerrade.

Die Kommissie het die taak van plaaslike beheer baie ernstig opgeneem want daarmee hang saam die nuwe onderwys- en ouerrade. Daar word verder dan ook aanbeveel dat 'n brosjure van 'n populêre aard opgestel word om aan te toon wat die funksie van die ouerraad werklik beteken en om die baie geleenthede tot diens in verband met 'n skool aantreklik voor te stel.[4)] 'n Lang lys van voorgestelde funksies van die ouerrade word dan ook aangegee wat 'n uitbreiding is op die funksies van die skoolkommissies. Die Nicolkommissie stel voor dat die ouerrade (skoolkommissies) se funksies uitbrei en dat die ouerrade net deur ouers saamgestel word. Laasgenoemde reëling gee die ouer direkter beheer in die ouerraad, maar brei nog nie die „intiemer beheer" uit nie, want dit kan alleen geskied „sover dit bestaanbaar is met doeltreffende koördinasie

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.No5-1939), par.32.
2. Id., par. 115
3. Id., par. 120
4. Id., par. 123.

deur die hoërstaande onderwysraad." Die Nicolkommissie het dit reeds gestel dat die bevoegdhede van die onderwysraad dieselfde sal bly as die van die skoolraad. Daar is dus geen sprake van groter beheer deur die skoolkommissies nie, wel van intiemer beheer, daar die ouers nou alleen die skoolkommissie sal kies onder die voorgestelde skema.

(c) Ontwikkeling tot 1940.

In sy jaarverslag van 1940 verklaar die Direkteur van Onderwys [1] dat voorgestelde veranderings in die omvang van die regsgebiede van die bestaande 32 skoolrade en die daaruit voortvloeiende vermindering van hulle aantal weens verskillende oorsake nie tot stand gebring kan word nie.

Die Direkteur wys vervolgens daarop dat die skoolkommissies 'n onmisbare element van georganiseerde kontak tussen ouers en onderwysende personeel is. Hul wetlike magte mag gering wees maar aan hulle dienende funksies is geen grens nie.

8. C.N.O. - Aksie in hierdie tyd.

Die Transvaalse Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerk besluit in Januarie 1937 om 'n spesiale onderwyskommissie te benoem vir aflegging van getuienis voor die benoemde Transvaalse Onderwyskommissie van 1937.[2] Uit die samevatting van die kommissie blyk dit dat hulle die minderheidsgroep se standpunt handhaaf, dat die teenswoordige stelsel van staatskole omgevorm sal word tot 'n stelsel van staatsondersteunde skole. Op 17 Mei 1937 is die beleidsverklaring deur die Sinodale Kommissie voorgelê en verdedig voor die Nicolkommissie.

Die voorstel van die Gereformeerde Kerk aan die Nicolkommissie kom op die volgende neer. [3]

„Die ouers van skoolgaande leerlinge organiseer hulself in ouerverenigings met die doel om die ouers te verenig sodat hulle hul regte en pligte as ouers beter kan handhaaf en uitoefen."

---

1. T.O.D.-Verslag, Des. 1939 (T.P.No4-1940),6-7.
2. Notule Part. Sinode van Transvaal 1937,art 20 (Geref. Kerk.)

   Coetzee:-Die Gereformeerde Beginsels en die Onderwys in die Transvaal 1859-1937,56.
3. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.5 -1939), par. 79.

Daar sal wees:

(a) Skoolkommissies vir die afsonderlike skole

(b) Skoolrade vir elke distrik

(c) 'n Provinsiale Onderwysraad -

wat almal uit die ouerverenigings voortspruit en groter seggenskap en beheer aan plaaslike instansies sal gee.

Die Nicolkommissie kan die aanbeveling nie steun nie, omdat die voorstel 'n gebrek aan vertroue in die bestaande metode van beheer oor die onderwys openbaar. [1]

Die besluite van die C.N.O-kongres van Julie 1939, wat reeds as eenheidsgrondslag van die Ned.Herv. of Geref. Kerk van Transvaal se C.N.O.-deputate aanvaar is, is as die algemene beleid van die Gereformeerde Sinode aanvaar. [2] Die besluite is kortliks as volg:

Prinsipieel:

a. Die Kongres besluit dat die Christelik-nasionale en wêreldbeskouing die grondslag van die opvoeding en onderwys van die Afrikaanse volk moet wees.

b. Die Kongres spreek dit as sy oordeel uit dat 'n skool alleen Christelik-nasionaal is wanneer die twee beginsels kenmerkend is van die hele skool sowel wat die gees, doel, leerplan, metodiek, tug, personeel, organisasie en al sy aktiwiteit betref.

c. Godsdiensonderwys moet die sentrale plek inneem en moet ook die gees en rigting van al die ander vakke in die skool bepaal.

d. Die moedertaal is die basis van alle opvoeding en onderwys en die ideaal van moedertaalonderwys kan vir die Afrikanerkind alleen in die Afrikaansmediumskool verwesenlik word. Die tweede taal word aangeleer na behoorlike fundering in die moedertaal.

e. Deur die geskiedenisonderwys moet die Afrikaanse jeug tot volle bewustheid kom van die herkoms, ontwikkeling, bestemming en roeping van die eie volk as deelgenoot van die Wes-Europees-Christelike beskawing.

---

1. Provinsiale Onderwyskommissie (T.P.5-1939), par. 80.

2. Acta Sinode 1939, art.120, 103-105.

f. Die Kongres beklemtoon die wenslikheid en noodsaaklikheid dat die gemeenskap van ouers daadwerklike seggenskap kry in die oprigting, beheer, toesig en die bepaling van die gees van die skole.

In hierdie hele beleidsverklaring word geen woord gerep van kerstening van die staatskool of van oorname van die staatskool ten gunste van 'n staatsondersteunde skool nie. Dit is ook opmerklik dat die plek wat die ouers in hierdie C.N.O-skool moet inneem, baie vaag aangedui word.[1] Die bestaande skoolstelsel wat deur die Gereformeerde Sinode van 1933 verwerp is, moet volgens hierdie besluit langs die weg van hervorming gebring word by die ideaal van 'n C.N.O.-skool. Die vraagstuk is nou wat is die verskil tussen „christianisering" en „hervorming."[2]

Dr. Lugtenburg formuleer is 1940 die standpunt van die N.G.Kerk in verband met sekere fundamentele vraagstukke waar die opvoeding mee gemoeid is.

Vir die N.G.Kerk moet die Staat oppermagtig wees by die opvoeding van die kind. Gelykdenkende ouergemeenskappe wat skole oprig om hulle kinders volgens hulle eie godsdienstige beskouing op te voed, het geen reg op Staatsubsidie nie.

9. Kritiese beoordeling.

Die Interprovinsiale Raadplegende Komitee en sy onderkomitee van Hoofde van die verskillende Onderwysdepartemente het gepoog om heelwat oorvleuelings uit die weg te ruim. Dikwels, waar in beginsel ooreengekom is, het die een of ander provinsie in gebreke gebly om uitvoering te gee aan 'n gesamentlike besluit — die provinsiale outonomie is bewaar.

Die Nicolkommissie gee beskouings oor sekere algemene beginsels in ons onderwys soos die plig van die Staat, die plig en voorreg van die ouers, die skool en gemeenskap. Dit kom tog voor dat die magte en beheer waaroor die ouers insake onderwys in Transvaal beskik in die praktyk nie bestaan nie. Die ouer is slegs 'n toeskouer met adviserende magte.

---

1. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959, 318.
2. Id., 319.

Ook die Nicolkommissie is bewus van die gebrek aan koördinasie en eenheid in ons onderwys en stel daarom 'n Unie-onderwysraad voor, waarop opvoedkundiges verteenwoordiging sal hê. Die Interprovinsiale Raadplegende Komitee se werksaamhede is oorheers deur finansiële en administratiewe probleme sodat van sy eintlike doel niks tereg gekom het nie.

Die Nicolkommissie maak 'n aantal belangwekkende aanbevelings. Dit stel 'n Keurkomitee voor wat die ouers van raad bedien deur die vyf beste kandidate vir 'n vakature aan die ouers voor te lê. 'n Intiemer beheer van die ouers oor die skool deur middel van Skoolkomitees en beheerrade moet uitgebrei word en sal bekend staan as Ouerrade terwyl 'n Onderwysraad, of koördinerende plaaslike owerheid, bestaande uit verteenwoordigers van die ouerrade, 'n baie groter gebied dek.

Die Jaggerkommissie, die Malherbekommissie en nou die Nicolkommissie het die taak van plaaslike beheer in 'n baie ernstige lig gesien en elke keer aanbevelings gedoen in lyn met die C.N.O-rigting, om groter seggenskap vir plaaslike liggame. Ook hierdie aanbevelings stuit teen die Provinsiale outonomie wat in plaas van plaaslike beheer uit te brei en te bestendig, die doel waarvoor hulle in die lewe geroep is, vasklou aan die magte wat hulle het. Ook by die Provinsiale Administrasie het opvoedkundige belange nie altyd die swaarste geweeg nie.

Die voorstelle van die Nicolkommissie sou geen wesentlike verandering in die beheer van die onderwys meebring nie. Die skoolrade se voorgestelde funksie ondergaan geen verandering nie en die skoolkommissies of ouerrade kry dan ook geen groter seggenskap by nie.

In Julie 1939 neem die C.N.O-kongres belangrike besluite en gee 'n duidelike prinsipiële siening van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing wat alleen tot volle verwesenliking kan kom waar die ouers daadwerklike seggenskap kry in die oprigting, beheer, toesig en bepaling van die gees van die skool, d.w.s. die ouers sal deur hulle plaaslike skoolkommissies plaaslik outonoom moet wees.

---oOo---